

Die meeste beleggers is teen hierdie tyd sekerlik bewus daarvan dat hulle te min blootstelling aan buitelandse bates in hul portefeuljes het.

Die plaaslike groei die afgelope vyf, maar veral oor drie en selfs een jaar was besonder power – opbrengste van minder as 5% per jaar wat nie eens inflasie klop nie.

Gewoonlik word dan fout gesoek by die instelling of die adviseur, maar in der waarheid lê die fout by foutiewe batetoewysing. Kortliks kom batetoekenning neer op hoe die geld in portefeuljes toegewys word.

Die tradisionele keuses was altyd aandele, staatseffekte, eiendomsfondse en kontant, hetsy binnelands of buitelands.

Meer as 100 jaar lank was Suid-Afrikaanse aandele ’n puik belegging, volgens ’n studie van die langtermynopbrengste van verskeie wêreldmarkte deur die Switserse bank Credit Suisse.

Ingevolge dié studie was Suid-Afrikaanse aandele die beste plek ter wêreld om in te belê – ondanks die politieke onstuimigheid van die vorige eeu.

Hierdie groei was die gevolg van die ontdekking van goud, diamante en later platinum, wat gelei het tot die bulmark in hierdie edelmetale.

Later in die 20ste eeu, toe die bulmarkte ’n bietjie begin taan het, is dit vervang deur die bulmark in nywerheidsaandele.

Dit was eers in die 1970’s en 1980’s en daarna in die era van oudpres. Nelson Mandela, danksy ’n groot invloed van buitelandse kapitaal wat vanweë sanksies jare

Tyd van ‘vasbyt’ is nou verby

Suid-Afrikaners kan wél hul portefeuljes se min blootstelling aan buitelandse bates verhoog, skryf **Magnus Heystek**.



Geborg deur Brenthurst Wealth

lank op die kantlyn gesit het. Selfs toe buitelandse beleggings vir die eerste keer in dekades in 1997 weer wettig geword het, was dit

nie op die meeste beleggers se radarskerm nie, want daarvoor het die JSE net te goed presteer. Wie soek dan aandele

in vreemde lande as jou land se aandele met 20% tot 30% groei, soos wat trouens van 2002 tot 2008 gebeur het.

Die keerpunt vir die goue era in Suid-Afrikaanse aandele was om en by 2012.

Dit het amper 100% saamgeval met die ineenstorting van die kommoditeitsiklus in 2012 en is daarna vererger deur die gevolge

van pres. Jacob Zuma se bewind se rampokkery, staatskaping, weteloosheid en menige ander faktore.

Aanvanklik het die JSE begin onderpresteer teen die ontwikkelde markte, maar sedert begin 2015 het dit ook kwaai begin terugsak teenoor die ontwikkelende-lande-indeks.

Die gevolg is dat die JSE reeds die afgelope dekade totaal onderpresteer teenoor die meeste lande ter wêreld.

In dieselfde tydperk het die aard van die JSE ook verander: Van ’n totaal van amper 700 genoteerde maatskappye ’n dekade gelede, het dit nou gedaal tot sowat 350.

Oor die laaste vyf jaar het buitelandse beleggers meer as R500 miljard uit ons aandele- en effektemark onttrek.

Onder die vernaamste redes hiervoor is die feit dat ons ekonomie nou al meer as tien jaar teen minder as 2% per jaar groei – die swakste tienjaar-tydperk sedert die Tweede Wêreldoorlog.

In 2018 was dit net Argentinië

Seminare

Brenthurst Wealth bied saam met Momentum en *Rapport* drie beleggingseminare aan waar die stand van sake ná die verkiesing en verwagtinge van wêreldwye stadiger ekonomiese groei bespreek sal word. Magnus Heystek, die ekonoom Mike Schüssler en Glyn Owen van Momentum Wealth International tree op.

Die seminare vind op 10 Junie in Stellenbosch plaas, op 11 Junie in Kaapstad en op 13 Junie in Pretoria. Bespreek by www.bwm.co.za/seminars Vir navrae bel 011 799 8100.

en Turkye wie se ekonomieë (van die hoofstroom-lande) swakker as ons gegroei het.

Die plaaslike beleggingsbedryf word ook gekniehalter deur valutabeheer wat maatskappye se blootstelling aan buitelandse bates beperk tot slegs 30% van hul



Magnus Heystek

totaal. Die gevolg hiervan is dat sulke maatskappye nie te aggressief buitelandse beleggings wil bemark nie, want hulle het ’n gebrek aan voorraad.

Daarom probeer hulle so hard om mense te oortuig om “vas te byt” en “te wag vir die herstel in die mark”.

As die Suid-Afrikaanse ekonomie nie vinnig begin vaart kry nie, is dié herstel nog ver in die verskiet.

Daar is ’n noue verband tussen lae ekonomiese groei en lae opbrengste op die aandelemark, en andersom.

Daar is egter baie wat beleggers kan doen om die situasie te verbeter en meer buitelandse blootstelling te kry.

In sommige gevalle sal dit nie veel kos nie, en ’n mens het ook nie nuwe geld daarvoor nodig nie.

Só kan beleggers hul buitelandse blootstelling verhoog:

■ ’n Jaarlikse diskresionêre

toelaag van R1 miljoen vir belastingbetalers ouer as 18: Dit is die maklikste en eenvoudigste manier, want betreklik min papierwerk is nodig en die uitstuur van geld is maklik.

■ ’n Beleggingstoelaag van R10 miljoen per persoon per jaar: Hiervoor sal goedkeuring net geskied as die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) bevestig dat alle belasting op datum is. In sommige gevalle kan beleggers ook ’n oudit te wagte wees.

Dit is ’n jaarlikse toelaag (kalenderjaar), met die gevolg dat ’n welvarende belegger byvoorbeeld R10 miljoen in Desember kan uitneem en dan weer R10 miljoen in Januarie.

Dié stappe is net die gelukkiges met beskikbare geld beskore. Daar is ook ander maniere om blootstelling aan buitelandse bates te kry.

■ Die maklikste en goedkoopste manier om buitelandse blootstelling te kry is deur uittree-an-

nuiëteite en bewaringsfondse vir mense ouer as 55 jaar.

Beleggers kan hul beleggings oproep, ’n belastingvrye deel uitkry (wat oorsee kan gaan) – en die balans word dan oorgeplaas in ’n lewende annuïteit wat tot 100% in buitelandse bates belê kan word.

Om die een of ander rede is lewende annuïteite nie onderhewig aan die 30%-beperking op buitelandse beleggings nie. Die meeste beleggers met geld in dié produkte behoort dit te oorweeg.

■ Beleggers kan ook 100% van hul geld uit bewaringsfondse onttrek, maar dit het ’n belastingimplikasie wat noukeurig ondersoek moet word. In baie gevalle – veral as daar die moontlikheid van emigrasie in die toekoms is – is dit lonend om die belasting te betaal en die geld oorsee te stuur.

■ Beleggers in effektrusts kan byvoorbeeld skuiwe maak na bateruifondse. Dit is fondse in Suid-Afrika wat toestemming het om tot 100% in die buiteland te belê. Dit was was die afgelope vyf tot tien jaar ’n besonder aantreklike bateklas, met opbrengste dubbel dié van Suid-Afrikaanse fondse. So ’n stap het BTW tot gevolg, maar dit is dalk ’n klein prys om te betaal vir beter opbrengste op langer termyn.

■ Beleggers in aandeleportefeuljes kan ook plaaslike aandele verkoop en die opbrengste gebruik om buitelandse aandele te koop. Die meeste banke en groot beleggingshuise bied nou dié keuse.

Ná vyf jaar en meer se swak opbrengste is dit nie nou die tyd om te hoop en bid dat opbrengste vanself sal verbeter nie.

■ **Magnus Heystek is ’n beleggingstrateeg by Brenthurst Wealth.**